MIDSTREAM COLLEGE

Omsendskrywe 11/2024
1 Augustus 2024

SKOOLSAKE

UIT DIE HOOF SE KANTOOR

It's not about winning or losing a competition. It's about beating the doubt within yourself and knowing that each day you are one step closer to your goals.

Jonathon Horton

Gedurende die laaste week het ons sportspanne en kultuurgroepe die soet en suur van kompetisie beleef. Ons drie hokkiespanne het baie goed by hul onderskeie Noordvaaltoernooie gevaar. Geluk aan ons o. 14's wat vierde in die A-toernooi en ons o. 16's wat derde in die B-toernooi geëindig het. Ons drie rugbyspanne het ongelukkig al drie in hul onderskeie kwarteindrondes verloor, desnieteenstaande is ons rugby duidelik nader aan hul doelwitte en op 'n goeie plek.

Geluk ook aan ons drie toneelstukke wat reeds verlede week die eerste keer op die planke was. Baie sterkte ook aan al ons kultuurgroepe op die vooraand van die kompetisieseisoen. Ek hoop julle kaartjies is bespreek vir ons MC^3-konsert in die Staatsteater waartydens die talent van al drie die Midstreamskole ten toon gestel sal word.

Die toelatingsproses vir 2025 is amper afgehandel. 'n Groot woord van dank aan elke leerder, ouer en onderwyser wat ambassadeurs vir die College is. Ons is oorval deur aansoeke. Hoewel leerders in ons twee laerskole en inwoners van die dorp 'n voordeel het, kan ons nie altyd almal akkommodeer nie. Wees verseker, as u kind die skoollewe geniet en die akademiese kriteria bereik, sal ons daarna streef om hulle te akkommodeer.

Ek besef ons is in die hartjie van die winter en dat siektes tans baie algemeen is, maar wil tog 'n beroep op elke leerder doen om, sover as moontlik, skool by te woon. Daar is 'n toenemende tendens van groter afwesighede op Maandae en Vrydae. Leerders wat te veel afwesig is, word van al die Carpe Diem-oomblikke by die skool ontneem, veral op akademiese gebied.

Weens die vroeë begin van die derde kwartaal en die wintertemperature het ons die vergunning om sweetpakke te dra met 'n maand na die eksamen verleng. Die mediumtermynweervoorspelling lyk belowend en derhalwe sal leerders na die langnaweek slegs die amptelike wintersdrag skool toe mag dra.

Geniet die 33ste Olimpiese Somerspele. Die leuse van die skouspel in Parys lui dat ons net vinniger kan gaan, net hoër kan mik, net sterker kan word deur saam te staan – in solidariteit. Die leuse in Latyn is*: Citius, Altius, Fortius – Communiter* en in Frans: *Plus vite, Plus haut, Plus fort – Ensemble.* Mag al die atlete daar na hulle onderskeie doelwitte strewe.

AKADEMIE

AKADEMIE TOP-3

Na die halfjaareksamen is die topakademiese leerders per graad soos volg:

Graad 8	
Leonardo de Barros	93.92%
Henke Louw	92.46%
Beyers Pretorius	92.15%

Graad 9	
Lisa Strauss	95.85%
Lisa Rautenbach	95.77%
Alzan Swanepoel	94.46%
Surita van Heerden	94.46%

Graad 10	
Lin-Mari Rudolph	95.14%
Lené Liebenberg	95.00%
Daniel de Bruin	91.57%

Graad 11	
Jenhara Rooplall	97.57%
Renate Maré	97.14%
Thando Gobinca	94.14%
Shayur Vather	94.14%

Graad 12	
Cara-Renette Ponting	97.14%
Wihan Cilliers	94.86%
Danielle Rossouw	94.86%

AFRIKAANSOLIMPIADE

In die Eerste Addisionele Taalolimpiade het Ruan van Tonder nasionaal tweede geëindig. Hy was ook die Gautengwenner. Karla Alberts en Dian Jansen van Rensburg het onder die Top-10 in Gauteng geëindig. In die Huistaalolimpiade het Irene Jordaan nasionaal onder die Top-10 en vyfde in Gauteng geëindig, terwyl Lin-Mari Rudolph in Gauteng onder die Top-10 was.

VAKVERANDERINGE

Neem kennis dat die laaste datum waarop leerders vakke mag verander 30 Augustus is. Geen vakveranderinge sal in die vierde kwartaal toegelaat word nie. Indien u kind dit tans oorweeg om ‘n vak te verander, word u versoek om me Madelaine Matthys (mmatthys@midstreamcollege.co.za) te kontak.

SELFOONGEBRUIK IN DIE KLAS

U word daaraan herinner dat leerders nie hulle selfone as ‘n akademiese toestel in die klasse mag gebruik nie.

GRAAD 9-VAKKEUSE

Ons herinner u aan die graad 9-vakkeuse-inligtingsaand op 15 Augustus om 18:30 in die saal. Vir vakinligting kan u op die volgende skakel klik:
https://www.midstreamcollege.co.za/af/akademie/vakke/

KULTUUR

DRAMA

Twee van ons drie toneelstukke het verlede week aan Pronk Podium deelgeneem. “Nege sterre, Neonligte” het een goud, twintig silwer en een brons ontvang. “Vlug uit die Godegat” het ses silwer- en ses brons toekennings ontvang.

Vrydagaand het al drie ons toneelstukke aan die Centurion Kunstefees se drama-afdeling deelgeneem en al drie het die hoogste toekenning, naamlik ‘n A++ verwerf.

REDENAARS

Oppie Tong Af			
Leerder	**Graad**	**Afdeling**	**Simbool**
Anika Alberts	8	Oorreding – voorbereid	A+
Lindi Stander	8	Oorreding – voorbereid	A
Lize Venter	8	Oorreding – voorbereid	A+
Megan Beän	9	Oorreding – voorbereid	A+
Adam Marincowitz	9	Oorreding – voorbereid	A+
Ivan Kymdell	9	Oorreding – voorbereid	A++
Lisa Strauss	9	Oorreding – voorbereid	A+
Milan Pöhl	9	Oorreding – voorbereid	A+
Sibusise Mabase	9	Oorreding – voorbereid	A+
Zani Griffioen	9	Oorreding – voorbereid	A+
Zani Griffioen	9	Oorreding – onvoorbereid	A+
Lené Liebenberg	10	Motivering – voorbereid	A++
Carli Stander	10	Oorreding – voorbereid	A+
Kaylin Knoetze	10	Oorreding – voorbereid	A+
Lené Liebenberg	10	Oorreding – voorbereid	A++
Megan le Roux	10	Oorreding – voorbereid	A+
Renate Barnard	10	Oorreding – voorbereid	A+
Lin-Mari Rudolph	10	Goue Tong	A++
Lené Liebenberg	10	Oorreding – onvoorbereid	A++
Lin-Mari Rudolph	10	Oorreding – onvoorbereid	A++
Katinka Rhoodie	11	Oorreding – voorbereid	A+
Anika Malan	11	Oorreding – voorbereid	A++
Katinka Rhoodie	11	Oorreding – voorbereid	A+
Lente Groenewald	11	Oorreding – voorbereid	A++
Tiana Swart	11	Oorreding – voorbereid	A+
Carlo Loubser	12	Oorreding – voorbereid	A+
Carlo Loubser	12	Goue Tong	A+
On The Tip Of Your Tongue			
Leerder	**Graad**	**Kategorie**	**Simbool**
Lisa Strauss	9	Prepared Persuasive	A++
Anri Janse van Rensburg	9	Entertainment	A+
Mandisa Molebatsi	10	Entertainment	A+
Lené Liebenberg	10	Prepared Persuasive	A++

Megan le Roux	10	Prepared Persuasive	A+
Yonela Nhlapo	10	Prepared Persuasive	A+
Sakhile Sibiya	10	Prepared Persuasive	A+
Kashvi Chathury	10	Prepared Persuasive	A++
Ivan Kotzee	10	Unprepared Persuasive	A+
Lin-Mari Rudolph	10	Unprepared Persuasive	A++
Lin-Mari Rudolph	10	Golden Tongue	A+
Masego Tau	11	Prepared Persuasive	A+
Lufuno Ramarumo	11	Prepared Persuasive	A+
Phuluso Singo	11	Prepared Persuasive	A+
Onalerona Rabotho	11	Prepared Persuasive	A+
Nokwazi Khanyile	11	Prepared Persuasive	A+
Wandile Cibi	11	Prepared Motivational	A++
Shihlovo Msindo	11	Prepared Motivational	A+
Jenhara Rooplall	11	Prepared Motivational	A+
Caitlin Marimuthu	11	Prepared Motivational	A+
Alex Brits	11	Golden Tongue	A+
Reabetswe Machogo	12	Prepared Motivational	A++
Nduvho Tshipala	12	Prepared Persuasive	A
Ntee Puling	12	Prepared Persuasive	A+
Sedibana Ngoasheng	12	Golden Tongue	A++
Joy Masvanhise	12	Unprepared Persuasive	A+
Hugo Kotzee	12	Unprepared Persuasive	A+
Nisha Gwindiri	12	Unprepared Persuasive	A++
Animesh Singh	12	Unprepared Persuasive	A+

ERKENNING VAN NIE-SKOOLAKTIWITEITE: KULTUUR

Ons wil graag erkenning gee aan leerders wat in nie-skoolkultuuraktiwiteite, gelykstaande aan provinsiale en nasionale vlak, deelneem en uitblink. U is welkom om enige bewys, inligting en sertifikate aan die Hoof van Kultuur, dr Steyn de Bod (sdebod@midstreamcollege.co.za) te stuur.

VOORTREKKERS

Irene Jordaan het haar nasionale Presidentsverkennertoekenning ontvang.

SPORT

LANDLOOP

AGN-interprovinsiale byeenkoms – Top-20-posisies		
Afdeling	Atleet	Plek
Meisies 15	Carmia van den Berg Caitlin Arendse	6 15
Meisies 17	Lente Groenewald Jané Male	6 13
Seuns 15	Rupert Groenewald	19
Seuns 17	Déan Fourie	12
Junior mans	Xavier van der Leek	10

Tweede skoleliga		
Afdeling	Meisies	Seuns
Juniors	9	10
Seniors	9	7
Algeheel	8	9

Tweede skoleliga – Individuele prestasies		
Afdeling	Atleet	Plek
Meisies 15	Carmia van den Berg Caitlin Arendse	10 20
Meisies 17	Lente Groenewald Jané Male	9 15
Meisies 18	Zabine von Westernhagen	4
Seuns 14	Riaan Labuschagne	13
Seuns 15	Rupert Groenewald	3
Seuns 16	Waldo Breytenbach	11
Seuns 17	Déan Fourie	11
Seuns 18	Xavier van der Leek Juan Breytenbach	6 7

RUITERSPORT

SANESA-streeksbyeenkoms		
Ruiter	Dissipline	Plek
Michelle du Preez	Performance Riding Working Riding Dressage	14 21 14
Kynan van Zyl	Working Hunter	8
Kiara Kok	Show jumping 80 cm Two-Phase	4
Jodi Slade	In-hand utility	4
Louis Verhoef	Dressage Level: Medium Test 2 Dressage Level: Medium Test 3	4 2
Cyllene van der Merwe	Working rider Show jumping 70 cm Normal competition	14 7

BERGFIETS

Cycle Lab Skolereeks (Ligaresies 3)		
Afdeling	Ryer	Plek
Jeug 15 Vroue	Nika Nortjé Kathleen de Kock	1 5
Junior 17 Vroue	Sarah Heher Jané Male	4 6
Jeug 16 Mans	Xandré Pretorius	8
Jeug 15 Mans	Ivan Kymdell	14

GHOLF

Liga 1		
Span	**Opponente**	**Punte**
Midstream 2	Menlopark 5	38 – 51
Midstream 3	Menlopark 9	47 – 37
Midstream 3	Erasmus	47 – 37
Liga 2		
Midstream 2	Zwartkop	45 – 43
Midstream 3	Sutherland	39 – 45

Die eerste span het met hulle totaal van 48 punte in die derde plek geëindig.

SAGTEBAL

Span	Homespun	Brits	Hartbees-poort	Span	CR Swart (A-spanne)	Midstream o. 14C
14A	2 – 12	13 – 3	7– 6	14B	12 – 8	
15A	-	9 – 1	3 – 6	14C	7 – 4	
16A	0 – 8	9 – 13	-	14D		6 – 9
19A	6 – 13	4 – 10	6 – 6	15B1	6 – 5	
				15B2	11 – 12	
				19B	3 – 18	

SKAAK

Tshwane Ope	
Speler	**Posisie**
Thando Gobinca	2
Samuel Abdelmessih	3
Ketana Pillay	10

MEISIESHOKKIE

Vriendskaplike wedstryde				
Span	**Toernooi**	**Hoogtepunt**	**Uitslag**	**Vriendskaplik**
14A	Vriendskapreeks (Pretoria)	Wen Garsfontein (Strafhoue)	3de algeheel (Brons)	Wen 5 – 2 teen EG Jansen
15A	Vriendskapsreeks (Pretoria)	Wen AHMP 1 – 0	5de algeheel	Wen 4 – 0 teen EG Jansen
16A	Pullenreeks (Johannesburg)	Onoorwonne tot voor finaal	2de algeheel (Silwer)	-
1ste	Pullenreeks (Johannesburg)	Bryanston 4 – 0	8ste	-

SEUNSHOKKIE

Vriendskaplike wedstryde		
Span	**Opponente**	**Uitslag**
14A	Kemptonpark	4 – 0
16A	Kemptonpark Nelspruit	3 – 0 2 – 3
1ste	Kemptonpark	4 – 0

Noordvaalkompetisie					
Span	**Wedstryd 1**	**Wedstryd 2**	**Wedstryd 3**	**Wedstryd 4**	**Wedstryd 5**
14A	2 – 1 Merensky	3 – 0 Sasolburg	2 – 1 Helpmekaar	0 – 3 Nelspruit (semifinaal)	0 – 1 Potch Gim (3de plek uitspeel)
16A	6 – 0 Mitchell House	11 – 0 Lichtenburg	6 – 0 Bergsig	2 – 3 HTS Witbank (semifinaal)	6 – 1 Helpmekaar (3de plek uitspeel)
1ste	0 – 1 Monument	3 – 1 Potch Gim	1 – 3 Helpmekaar	0 – 2 Kloof High	2 – 4 Middelburg

Samevattend: Die o. 16's het derde by die Noordvaal B-toernooi geëindig. By die Noordvaal A-toernooi het die o. 14's vierde geëindig en die eerste span agtste.

RUGBY

SDC Noordvaalbeker-uitspeelrondes		
Span	Kwalifiserende ronde	Kwarteindronde
14A	34 – 5 Hans Strijdom	15 – 29 Brandwag
15A	30 – 6 Frikkie Meyer	14 – 17 Dinamika
16A	14 – 26 Dinamika	-
1ste	43 – 32 Hans Strijdom	37 – 42 Overkruin

KRIEKET

1ste span		
Sutherland	Midstream 397/7 Sutherland 107/10 Wen met 290 lopies	Janco van Heerden 159 Francois Senekal 100 n.u.n. Charl Cilliers 3/6 in 6 beurte

ERKENNING VAN NIE-SKOOLAKTIWITEITE: SPORT

Ons wil graag erkenning gee aan leerders wat aan nie-skoolsportaktiwiteite, gelykstaande aan provinsiale en nasionale vlak, deelneem en uitblink. U is welkom om enige bewys, inligting en / of sertifikate aan mnr Henry Verster (hverster@midstreamcollege.co.za) te stuur.

TENNIS

As lid van die SA o. 16-span het Jayden Summers in die Afrika Junior spankampioenskap in Egipte gespeel. Die seunspan het gewen en sodoende vir die Junior Davisbeker-eindstryd gekwalifiseer wat in November in Turkye gespeel sal word.

ALGEMEEN

SPRINGFEST

RUGBY



OPWINDENDE NUUS! Algemene kaartjieverkope is NOU OOP!

Wees deel van die geskiedenis by die heel eerste Carling Curriebeker Eerste Divisie wedstryd in ons gemeenskap!

- Vodacom Blue Bulls vs. Fidelity ADT Golden Lions
- Bondev Stadium, Midstream College
- 30 Augustus 2024
- 17:15

Moenie hierdie historiese gebeurtenis, hier in die hartjie van Midstream, misloop nie! Kry nou jou kaartjies en sien rugbygeskiedenis in wording! Vir die beste ervaring, beveel ons aan om 'n rekenaar eerder as 'n mobiele toestel te gebruik wanneer u kaartjies aanlyn koop.

KLIK HIER om jou kaartjies te koop: Tickets
#CarlingCurrieCup #CommunityRugby #TicketsOnSale #Clubstream #MidstreamPower

KOMMUNIKEER MET ONS:
www.midstreamcollege.co.za
Midstream College
midstream_college

VOLGENDE OMSENDSKRYWE:
Donderdag 15 Augustus 2024